GEDRAGSKODE

2012 / 2013

- Regte en Verantwoordelikhede
- Dissiplinêre Beleid
- Reëls van Prestasieskool

BELIEVING IS ACHIEVING | GLO IS PRESTREER
Principal • Tinus du Preez • Hoof
Private Bag 3 • Privaatsak 3 • Elspark • 1418 • Tel: (011) 916 1917/8/9/20 • Fax: (011) 916 1921
Email: info@schoolofachievement.co.za • Web Page: www.schoolofachievement.co.za

PRESTASIESKOOL

GEDRAGSKODE

INHOUD

AFDELING A ***Regte en Verantwoordelikhede*** **Bladsy**

1.	Inleiding	1
2.	Leerders	1 & 2
3.	Ouers	3
4.	Personeel	4 & 5

AFDELING B ***Dissiplinêre Beleid***

1.	Oorsig	6
2.	Woordelys	6
3.	Filsosofie van dissipline	7
4.	Spesifieke doelstellings	8
5.	Algemene beginsels	9
6.	Klassifikasie van oortredings en korrektiewe stappe	10 - 12
7.	Verhoorprosedure (due process)	13
8.	Ernstige wangedrag en die Reg	13

AFDELING C ***Reëls van Prestasieskool***

1.	Skoolgronde	14
2.	Skooldrag	15
3.	Afwesighede	15
4.	Stiptelikheid	16
5.	Gedrag tydens en na skoolure	16 - 18
6.	Leer en onderrig	18

AFDELING D ***Hotel kleredrag / Restaurant***

AFDELING A : REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

1. INLEIDING

Prestasieskool is verbind tot die lewering van kwaliteit onderwys aan kinders wat nie binne hoofstroomonderwys hulle vermoëns optimaal kan benut nie, as gevolg van spesifieke leergeremdhede. Aangesien hierdie kinders beskik oor gemiddelde ! tot bo-gemiddelde intellektuele vermoëns, kan die leerlinge ook sukses en ’n gevoel van koestering ervaar, sosiale vaardighede aanleer en ’n positiewe selfbeeld ontwikkel. Die uiteindelike doel is om hulle toe te rus vir die lewe, sodat hulle ondersteunende en bydraende lede van die samelewing kan word.

Ten einde die doel te bereik, onderneem ons, die leerlinge, ouers en die onderwysers van Prestasieskool, om die meegaande Gedragskode te ondersteun en stem ons saam dat ons hierdie kode sal handhaaf as die demokraties aanvaarde basis vir interaksie in die skool. Ons, as die rolspelers van Prestasieskool, onderneem verder dat ons mekaar se regte sal respekteer, gedagtig daaraan dat ons **regte** ook impliseer dat sekere **verantwoordelikhede** van ons verwag sal word en ons dit aanvaar as die basis van ons Gedragskode.

2. AS LEERLINGE VAN DIE SKOOL BESKIK ONS OOR

- die **reg** op gespesialiseerde onderwys van ’n hoë gehalte wat gerig is op ons unieke behoeftes. Hierdie reg plaas regstreeks op ons die **verantwoordelikheid** om onsself tot ons skoolwerk te verbind deur gereelde skoolbywoning, uitvoering van take aan ons opgedra, saam met ander aan taakopdragte te werk en nie klasse te ontwrig nie, aangesien dit inbreuk maak op die regte van mede-leerlinge op kwaliteit onderwys.

- vryheid van spraak en die **reg** om ons opinie te lig en deur ander aangehoor te word en aan ander dieselfde reg te gun. In die uitvoering van hierdie **reg**, aanvaar ons dat dit op ons die **verantwoordelikheid** plaas om die waardes van Prestasieskool uit te lewe, deur na ander te luister, hulle gevoelens te respekteer, eerlik en opreg te wees en versigtig te wees met die wyse waarop ons onsself uitdruk en nie afbrekende vuil taal te gebruik nie. Ons moet ook eerlik en opreg wees.

- die **reg** om beskerm te word in ’n veilige omgewing. Hierdie is nie slegs die **verantwoordelikheid** van personeel, ouers en ander gesagsfigure nie, maar ook ons verantwoordelikheid om die eiendom en lewens van ander te respekteer, nie skadelike of gevaarlike voorwerpe skool toe te bring nie en om gesagsfigure dadelik in te lig indien enige van ons mede-leerlinge die veiligheid van die skoolomgewing bedreig.

- die **reg** tot privaatheid en respek vir ons persoonlike waardigheid. Dit impliseer dat ons die privaatheid en individualiteit van ander sal respekteer en **verantwoordelikheid** sal aanvaar vir ons optrede teenoor ander mense. Ons aanvaar ook dat, in die eis om hierdie reg, kan ons nie hierdie reg misbruik as ’n verskoning om ander verantwoordelikhede te omseil nie. Ons verklaar onsself bereid om onderwysers en die skoolbestuur te help in hierdie verband, deur die skoolhoof of persoon/persone wat deur haar/hom aangewys is, toe te laat om ons persoonlike besittings te deursoek indien daar enige vermoede (*prima facie*) bestaan dat ons in besit is van eiendom van die skool of ander studente, sonder vooraf toestemming, of as vermoed word dat ons in besit is van items wat vir ander gevaar kan inhou.

- die **reg** om dispute wat tussen ons en mede-studente of ons en onderwysers mag ontstaan, uit te sorteer deur middel van ’n bespreking en arbitrasie met die hulp en leiding van personeel van die skool en om ons te weerhou van die gebruik van geweld of vandalisme in enige vorm.

- die **reg** om te speel en ons liggame te oefen, maar op die plekke en tye wat deur die skool en gesagsfigure bepaal word. Dit is ons **plig** om te speel en te oefen op so ’n wyse dat ons nie ons eie of ander se veiligheid sal bedreig nie, die skool of enige persoonlike eiendom sal beskadig nie en die toerusting en apparaat wat deur die skool verskaf word, sal gebruik vir die doel om te speel of te oefen.

- die **reg** om onderwys as aangenaam te ervaar. Dit plaas op ons die **plig** om ons opvoeding te benader met ’n korrekte gesindheid, gretige en geïnteresseerde leerlinge, wat ’n positiewe benadering het tot leer en werk en entoesiasties mee te doen en ons daarvan te weerhou om hierdie reg te misbruik as ’n verskoning vir onaanvaarbare gedrag.

3. AS OUERS VAN PRESTASIESKOOL

As ouers erken ons dat ons belangrike rolspelers in die opvoeding van ons kinders is en daarom is ons geregtig op sekere regte, maar daar word ook sekere verantwoordelikhede van ons verwag. Hierdie verantwoordelikhede aanvaar ons,
omdat dit belangrik is vir die kwaliteit van onderwys wat ons vir die kinders begeer.

Daarom aanvaar ons dat :

- ons kinders die **reg** het op gespesialiseerde onderwys wat gerig is op hulle unieke behoeftes en dat dit ons **verantwoordelikheid** is om te verseker dat ons kinders die skool gereeld bywoon, hulle huiswerk en take wat deur die onderwysers gegee word, voltooi en om addissionele onderwyshulp te verskaf as dit voorgestel sou word.

- ons het die **reg** om ingelig te word oor die onderwys van ons kind/ers en die reg om te weet wat hulle geleer word. Hierdie reg **vereis** egter ook dat ons die skool sal inlig rakende alle aangeleenthede wat 'n invloed mag hê op die kwaliteit van onderwys aan ons kinders (bv. afwesighede, swak gesondheid van die kind, ensovoorts) en om inligting aan te vra wat ons kan help om ons kind/ers se onderwys verder te ondersteun.

- ons het die **reg** om deel te hê aan die bestuur van die skool deur die gekose bestuursliggaam. Om hierdie reg te mag uitoefen, beteken dit dat ons **betrokke** moet wees in die verkiesing van die bestuursliggaam en ondersteuning en deelname moet verleen in die uitvoering van die funksies van die bestuursliggaam wanneer op ons 'n beroep gedoen word. Dit beteken ook dat ons beskikbaar moet wees vir vergaderings en funksies waar ons insette verwag word.

- ons het die **reg** om te besluit op die taal van onderrig van die skool binne die raamwerk soos neergelê in wetgewing (School Education Act) en om nie hierdie reg te misbruik as 'n basis vir onregverdige diskriminasie nie. Dit impliseer ook dat ons **verantwoordelikheid** aanvaar om tuis 'n ondersteunende omgewing te skep vir die taal van onderrig (veral as daardie taal nie die kind se moedertaal is nie).

- ons het die vryheid van spraak wat aan ons die **reg** gee om ons menings op 'n **konstruktiewe** manier oor te dra en aan ander dieselfde geleentheid te bied en ons dan neer te lê by besluite wat deur middel van bestaande demokratiese prosesse bereik word.

- ons en ons kinders het die **reg** om met respek en waardigheid behandel te word en ons aanvaar dat dit ook ons **plig** is om ander met dieselfe mate van respek en waardigheid te behandel. Dit kan slegs bereik word as ons ons kinders respekteer en hulle leer om ander te respekteer.

- ons kinders het die **reg** op 'n veilige skoolomgewing wat bydraend meewerk tot leer en dit is daarom ons **plig** om seker te maak dat ons kinders nie gevaarlike en skadelike voorwerpe skool toe neem nie. Ons aanvaar ook die **verantwoordelikheid** om van die skool 'n veilige plek te maak, deur die skool van die nodige bronne te voorsien. Dit sluit die betaal van skoolfonds in.

4. AS ONDERWYSERS EN PERSONEEL VAN PRESTASIESKOOL

4.1 As personeel is ons bewus van die voorreg om met die leerlinge te werk wat in ons sorg geplaas is en ons aanvaar dit in nederigheid, terwyl ons bewus is dat dit 'n geweldige verantwoordelikheid op ons plaas. Ons verbind ons daarom om:

- goeie, kwaliteit onderwys aan studente te verskaf deur seker te maak dat ons op ’n konstante basis ons kennis gereeld verbeter en spesialiseer met die doel om hierdie nuut gevonde kennis en ervaring tot voordeel van die kinders aan te wend, sodat hulle leerervarings hierdeur verryk kan word.

- op ’n professionele wyse op te tree wat reg sal geskied aan ons beroep (bekwaamheid, vaardighede, toegewydheid, integriteit, verantwoordelikheid, vertroulikheid, ens).

- oop en reguit te kommunikeer met die ouers rakende probleme wat hulle kind mag ondervind of wanneer afwykende gedrag openbaar word.

4.2 Om aan hierdie verwagtinge wat aan ons gestel word te voldoen, **verwag ons die volgende minimum regte :**

- om met **respek** behandel te word. Ons besef dat respek verdien moet word en dat ons moet lei deur die regte voorbeeld te stel. Daarom sal ons alle leerders, ouers en personeellede met die nodige respek behandel en hulle regte respekteer.

- om dissipline in die skool te handhaaf ooreenkomstig die Dissiplinêre kode waaroor almal konsensus bereik het. As opvoeders onderneem ons om regverdig, redelik, konsekwent en sonder partydigheid op te tree in die toepassing van die Dissiplinêre kode en om afwykende gedrag met ouers te bespreek.

- om ons gedagtes en gevoelens op ’n verantwoordelike wyse uit te spreek en om leerders en ouers toe te laat om hulle menings te lug en om hulle menings en oortuigings te respekteer indien dit van ons eie sou verskil.

- om voorsien te word van die nodige bronne om kwaliteit onderwys wat van ons verwag word te voorsien, deur van ouers finansiële ondersteuning te vra om kursusse wat deur die ander instansies aangebied word, by te woon as dit deur die skool se beheerliggaam as voordelig beskou word vir die onderwyser en leerders en sal bydra tot beter onderwys. Ons plig is om al die bronne tot ons beskikking regverdig en met oorleg aan te wend.

- om inligting in verband met leerders te kry, aangesien dit belangrik is in die uitvoering van ons taak. Dit plaas egter op ons die verantwoordelikheid om vertroulike inligting met die nodige vertroue en diskressie te hanteer.

- om deel te hê aan besluitneming wat die behoorlike bestuur en organisasie van ons klasse raak. Ons sal daarom deelneem aan die skool se bestuursliggaam by wyse van verkose verteenwoordigers. Ons sal verantwoordelik optree in ons besluitneming en die belange van die leerlinge voorop stel.

- om nie blootgestel te word aan onregverdige arbeidspraktyke in die skool nie en benadeel te word in ooreenstemming met die beeld van ons professie. As werknemers sal ons ons verantwoordlikhede op ’n regverdige en toegewyde wyse uitvoer en voorwaardes soos aan ons voorgelê erken.

AFDELING B : DISSIPLINÊRE BELEID

1. OORSIG

Alle instellings het reëls en regulasies nodig as ’n raamwerk om te verseker dat hulle ordelik en effektief funksioneer. Dit bevorder konsekwensie, orde en billikheid.

Prestasiekool is ’n uitnodigende remediërende skool wat ’n leerkultuur en onderrig bevorder. Strukture help die aankweek van selfdissipline, ’n gesonde selfkonsep en ’n positiewe houding. Die skool se Dissiplinêre Kode is aanvullend tot hierdie beginsels.

Die skool se Dissiplinêre Kode is onderwerp aan deeglike navorsing, ’n studie van toepaslike wetgewing en omvattende konsultasies met alle relevante aandeelhouers. Dit voldoen ook aan die voorskrifte en riglyne van die Gautengse Departement van Onderwys.

2. WOORDELYS

- **Aandeelhouers/rolspelers** **:** alle partye wat ’n wettige belang in die skool en sy aktiwiteite het
- **Beheerliggaam** : verteenwoordigers van die ouers/voogde en personeel van Prestasieskool
- **beskaafde** : sosiaal-verfynd en opgevoed
- **dissipline** : ’n sisteem van gedragsreëls
- **Gedragskode** : stel norme waardeur ons ons gedrag reguleer op ’n sosiaal-aanvaarbare wyse vir die spesifieke omstandighede
- **Wangedrag** : oortreding van reëls en misdrywe,
- **onderwyser** : ’n leerfasiliteerder
- **opdragte** : ’n spesifieke taak

- **privaatheid** : vryheid teen inmenging, observasie

- **regstellend** : om dinge reg te stel

- **skorsing** : tydelike (vir ’n spesifieke tydperk) verwydering van die skoolgronde van Prestasieskool

- **span** : ’n groep opvoeders van geselekteerde dissiplines, bv. Spraak en Taal, Arbeidsterapie, Sielkundige, Remediërende Onderwys, Onderwysers, Ouers/Voogde en leerlinge ens.

- **terapeute** : ’n lid van die personeel wat gekwalifiseerd is om in ’n spesifieke leerarea, waarin die leerder probleme ondervind remediëring toe te pas.

- **tribunal** : bestaan uit drie aangewese lede van die Beheerliggaam

- **uitsetting (expulsion)** : permanente verwydering van ‘n persoon (leerder) van die gronde van Prestasieskool

- **vergoeding** : betaling vir verliese of skade aangerig

- **verhoorprosedure (due process)** : voorgeskrewe prosedure in die geval van ’n formele verhoor van ’n leerder

3. FILOSOFIE VAN DISSIPLINE

3.1 Die **filosofie van uitnodigende onderwys**, soos deur Prestasieskool geïmplementeer word, erken dat :

3.1.1 Die opvoedingsproses en die resultaat daarvan, beinvloed en word beïnvloed deur die persepsie van die deelnemende leerders. Hierdie persepsies het ’n direkte invloed op die selfbeeld van leerders en sal óf ondersteun en sal óf benadeel word op die ontwikkeling van ’n positiewe selfkonsep tussen leerders.

3.1.2 ’n Benadering van bewustelike ondersteuning en die positiewe ontwikkeling van ’n selfbeeld van die leerder (en alle partye wat betrokke is by die opvoedingsproses) sal meer betekenisvol, bevredigend en bemagtigend op die langtermyn wees. (Dit verwys na die *uitnodigende* benadering.)

3.1.3 ’n Suksesvolle uitnodigende benadering tot opvoeding, beskou mense en daarom ook leerders as :

- bevoegde, waardevolle en verantwoordelike individue
- leerders wat relatiewe onontgunde potensiaal besit, in alle areas van menslike ontwikkeling.

3.1.4 ’n Suksesvolle uitnodigende benadering tot opvoeding en onderwys, beskou leer as ’n samewerkende aktiwiteit (’n reis) tussen die leerfasiliteerder en die leerder.

3.1.5 Die leerder se potensiaal sal die beste ontgin word deur :

- ’n uitnodigende omgewing, wat onder andere beleide, programme en plekke insluit, wat so ontwerp is dat dit ontwikkeling aanmoedig en
- persone wat professioneel en persoonlik uitnodigend teenoor ander persone en hulle self is.

3.2 Prestasieskool glo dat :

3.2.1 ’n Uitnodigende benadering tot opvoeding moet ook voorsiening maak vir die grondlegging en inhoud vir die uitoefening van dissipline in die skool. Gevolglik die standpunt dat mense en daarom ook leerders, waardevolle en verantwoordelike indiwidue is, dus moet die aktiwiteite en optredes van dié indiwidue se houding jeens dissipline deursypel.

3.2.2 Dissipline oor die algemeen en die Dissiplinêre Kode in die besonder, is ’n positiewe en opbouende instrument waardeur optimale leer gefasiliteer en onderhou word in ’n optimale leermilieu.

3.2.3 die doel van dissipline is om onaanvaarbare gedrag te identifiseer, te korrigeer en nodige leiding te verskaf sodat leerders die leerdoelwitte van die skool kan bereik. Dissipline is ook ’n voorkomingsmaatreël om te verhoed dat onaanvaarbare of wangedrag, wat in teenstelling met die doelstellings van Prestasieskool is, versprei of aanhoudend opduik. Dit moet ook die milieu vir optimale leer bevorder en verder ontwikkel en as teenvoeter dien wat hierdie milieu negatief beïnvloed.

4. SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Die toepassing van dissipline is normaalweg gemik om aanvaarde houdings vir die leerder aan te leer wat ’n positiewe effek op sy lewe sal hê. Dit bevorder onderlinge respek tussen individue.

Die doelstellings van dissipline is om:

4.1 Die leerder se selfbeeld te verbeter

4.2 Die leerders aan te moedig om selfdissipline en selfbeheer te ontwikkel.

4.3 Leerders in staat te stel om doelgeoriënteerd te wees.

4.4 Verantwoordelikheid vir gedrag aan te moedig.

4.5 Samewerking sowel as verantwoordelike onafhanklikheid te verseker.

4.6 Die waardes van eerlikheid, regverdigheid en respek teenoor ander te bevorder.

4.7 Effektiewe konflikhantering daar te stel.

5. ALGEMENE BEGINSELS

5.1 Die oogmerk met alle optredes van dissipline moet ten alle tye konstruktief wees, bv: voorkomend, regstellend en opvoedend.

5.2 Die oortreding en regstellende stappe (straf) moet ten alle tye versoenbaar wees.

5.3 Nieteenstaande die oortreding en gevolglike regstellende aksie wat gebruik word, moet elke leerder asook alle betrokke partye met waardigheid en respek behandel word. Die selfbeeld van alle betrokke partye moet te alle tye in ag geneem word.

5.4 Alle dissiplinêre stappe sal so gou as moontlik, regverdig, konsekwent en in ooreenstemming met erkende prosedures uitgevoer word.

5.5 Alle dissiplinêre aksies sal voorafgegaan word deur die verkryging van duidelike feite met betrekking tot die situasies en inagneming van die omstandighede betreffende die geval.

5.6 Toepassing van dissipline is die verantwoordelikheid van elke personeellid.

5.7 Die toepassing van dissipline sal ten alle tye in ooreenstemming wees en ondersteun word deur die doelstellings van Prestasieskool, duidelik in terme van ooreenkoms met die filosofie van uitnodigende onderwys.

5.8 Die herhaling en bedoeling van die oortreding moet in ag geneem word.

5.9 Leerders moet die gevolge van positiewe en negatiewe gedrag ervaar.

5.10 Fokus moet geplaas word op erkenning van positiewe gedrag.

5.11 Afhangende van die graad van ernstigheid sal skorsing slegs oorweeg word nadat alle pogings aangewend is om die gedrag van die leerder te korrigeer.

5.12 Problematiese leerders sal ingeskryf word vir rehabilitasie-programme. Hierdie programme moet 'n groepspoging tussen die onderwyser, terapeut, ouer en leerling wees en gemik wees op rehabilitasie. Uitsetting moet as die laaste uitweg beskou word. Na die betrokke verhoorproses gevolg is, kan baie ernstige oortredings egter lei tot die aanbeveling van onmiddellike uitsetting.

5.13 Terwyl dit nie moontlik is om elke reël van oortreding te definieer nie sal algemene norme van beskaafde gedrag en ordentlikheid altyd toegepas word. Onaanvaarbare gedrag wat nie spesifiek gedek word nie moet beoordeel word volgens sulke norme en die algemene intensie moet oorgedra word deur die filosofie en beginsels van dissipline soos uiteengesit in die dokument.

6. KLASSIFISERING VAN OORTREDINGS EN REGSTELLENDE STAPPE

Die lys van oortredings is nie onuitputbaar nie, en enige ander gevalle van wangedrag moet geklassifiseer word in vergelyking met die lys.

6.1 GERINGE OORTREDINGS EN REGSTELLENDE STAPPE

6.1.1 OORTREDINGS

- laat aankoms by die klas.
- geen / onvoltooide inhandiging van huiswerk.
- boeke (klas/handboek) nie by die skool nie.
- nie-nakoming van instruksies van opvoeders.
- geringe oortredings van algemene klasreëls.
- oortreding van die kleredrag- en/of harereëls.

6.1.2 REGSTELLENDE STAPPE

In die geval van geringe oortredings sal die volgende regstellende stappe gevolg word. Hierdie stappe kan een of meer van die volgende insluit:

- ’n Mondelinge waarskuwing of geskrewe teregwysing deur ’n opvoeder of die hoof van die skool;
- skoolwerk onder toesig wat sal bydrae tot die ontwikkeling van die leerder, bv. detensie, verbetering van die skoolomgewing, gegewe die feit dat die ouers betyds in kennis gestel word, sodat die sekuriteit van die leerder verseker is, en dat behoorlike toesig gereël is;
- die uitvoering van take wat die persoon teenoor wie oortree is, sal bystaan;
- verkry konsensus oor bekostigbare vergoeding;
- vervanging van beskadigde eiendom;
- skorsing van skoolaktiwiteite, bv : sport, kulturele aktiwiteite;
- detensie
- steurende gedrag van enige aard in die klaskamer sal deur die klasonderwyser gemonitor word. Indien die gedrag ’n herhalende patroon toon of indien die leerder nie daarop reageer nie sal verdere ingrypings deur die volgende kanale plaasvind:
- Graadvoog
- Departementshoof van Prestasieskool
- Adjunkhoof
- Hoof
- Beheerliggaam.

6.2 ERNSTIGE OORTREDINGS EN REGSTELLENDE STAPPE:

6.2.1 OORTREDINGS

- afwesigheid van klasse
- klasverlating sonder toestemming
- plagiaat
- oneerlike gedrag tydens klastoetse
- gereelde herhaling van geringe oortredings waar dissiplinêre aksies deur die klasonderwyser geen resultate lewer nie.
- in besit wees van of die gebruik van tabak.
- verlating van skool sonder toestemming
- gebruik van beledigende of skeltaal
- deelname aan oordrewe onderlinge fisiese kontak
- verbale bedreiging van ’n ander persoon se veiligheid
- onderbreking van die onderrig proses in klaskamer

- oneerbiedigheid teenoor ’n ander persoon
- graffiti
- diefstal
- besering aan ’n ander persoon
- dobbelary
- beperkte seksuele teistering bv. snedige aanmerkings
- seksuele gedrag of seksuele kontak deur wederkerige toestemming
- afpersing van ’n ander persoon se eiendom, bv. die vra van geld / kos van sy mede-leerders

6.2.2 REGSTELLENDE STAPPE

In die geval van ernstige oortredinge mag buiten regstellende stappe soos in 6.1.2,’n geskrewe waarskuwing ook uitgereik word. ’n Leerder mag ’n maksimum van drie geskrewe waarskuwings vir dieselfde oortreding ontvang. Afhangende van die omstandighede en/of oortredings kan ’n leerder ’n eerste en/of finale geskrewe waarskuwing ontvang. Afhangende van die graad van die oortreding, mag ’n geskrewe waarskuwing teenoor die naam van ’n leerder verskyn vir sy totale skoolloopbaan by Prestasieskool. ’n Geskewe waarskuwing mag net uitgereik word deur die relevante adjunkhoof of die hoof van die skool.

6.3 BAIE ERNSTIGE OORTREDINGS EN REGSTELLENDE AKSIES

6.3.1 OORTREDINGS

- gedrag wat die veiligheid van ’n ander in gevaar stel en die regte van ander benadeel.
- besit, dreig of gebruik van ’n gevaarlike wapen
- besit, gebruik, verkoop, versending of sigbare bewyse van narkotiese of onwettige dwelms, alkohol of sterk drank van enige aard soos per dwelmbeleid.
- bakleiery en aanranding met opset om te beseer.
- immorele optrede en godslastering
- die opsetlike verskaffing van vals inligting of vervalsing van dokumentasie om sodoende ’n onregverdige voordeel te verkry.
- graffiti, haatdraende slagspreuke, seksisme en rassisme.
- diefstal of besit van vermoedelike gesteelde eiendom inlsuitende toets of eksamenvraestelle voor die aflê van die toets of eksamen.
- onwettige aksies, vandalisme of vernietiging of beskadiging van skooleiendom.
- oneerbiedige, afstootlike gedrag en verbale wangedrag teenoor opvoeders of ander skoolwerknemers en leerders.
- herhalende oortredings van skoolreëls en/of die Gedragskode.
- kriminele en onderdrukkende gedrag soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering, seksuele teistering.

- viktimisasie, afknouende gedrag en intimidasie van ander leerders.
- oortreding van eksamenreëls.
- ontstigting van die hele skool, bv: staking en intimidasie van persone wat nie staak nie.
- beoefening van skadelike godsdienstige aktiwiteite (Sien skoolreëls 5.8)

6.3.2 REGSTELLENDE STAPPE

- geskrewe waarskuwing / finale geskrewe waarskuwing soos in 6.2.2 uiteengesit.
- skorsing en ’n aanbeveling vir uitsetting. Verhoorprosedure moet gevolg word.

7. VERHOORPROSEDURE

Enige leerling wat vermoedelik enige reël oortree het wat skorsing of uitsetting vereis, moet na die hoof gebring word. Die hoof sal alle getuies aanhoor en besluit watter aksies geneem moet word. Die ouers moet skriftelik in kennis gestel word van die voorgestelde aksie en die hoof sal gevolglik reël vir ’n regverdige verhoor deur ’n klein dissiplinêre komitee (tribunaal) bestaande uit aangewysde lede van die beheerliggaam. Die tribunaal moet nie intimiderend teenoor die leerder wees nie. In die geval van baie jong leerders moet spesiale reëlings getref word vir die verhoor en die ouers / voogde kan die leerder verteenwoordig.

In die geval van ’n aanbeveling vir uitsetting deur die beheerliggaam van die skool vereis die Suid-Afrikaanse Skolewet dat die voorgeskrewe proses gevolg moet word. Dit verseker ’n regverdige verhoor van die leerder. Die besonderhede van die proses sal beskikbaar gestel word aan al die betrokke partye waar nodig.

8. ERNSTIGE WANGEDRAG EN DIE WET

Ernstige wangedrag wat wetsoortredinge insluit, moet deur die polisie ondersoek word en na die hof verwys word indien nodig. Ernstige wangedrag moet soos in die regeringskennisgewings en -regulasies deur die lid van die Uitvoerende Raad in die Staatskoerant of Provinsialekoerant, afgekondig is, hanteer word.

AFDELING C : GEDRAGSRIGLYNE VAN PRESTASIESKOOL

1. SKOOLGRONDE

Ons is geweldig trots op ons skool se gronde en uiterlike voorkoms. Dit is die verantwoordelikheid van elke leerder om hierdie voorkoms instand te hou.

1.1 Rommelstrooi is ’n oortreding.

1.2 Die volgende areas is verbode, voor skool, gedurende pouses en na skool.

1.2.1 Die swembadarea, die kombi-area, om of naby die faktotum se huis, die parkeerterreine, agter die sportgronde, die saal of die gange.

1.3 Slegs leerders van die Grondleggingsfase (Gr 1 – Gr 3) Intemediêre Fase (Gr 4 – Gr6) of die Senior Primêre Afdeling mag die toilette agter die snoepie gebruik.

1.4 Alle voertuie wat die skoolgronde binnekom moet by die spoedgrens van 20 km/uur hou. Sulke voertuie mag net op die aangewese parkeerareas parkeer.

1.5 Leerders wat van ander vervoer as skoolvervoer gebruik maak, moet by die onderste hek af- of opgelaai word. Leerders wat wag om opgelaai te word, moet aan die binnekant van die hek bly. Geen leerders mag huis toe loop nie. Leerders wat langer as ’n uur wag vir hulle vervoer, moet die personeellid aan diens / kantoor in kennis stel.

1.6 Tydens hotelfunksies moet leerders by die hotel af- en opgelaai word. Hulle moet met aankoms onmiddellik by die personeellid aan diens rapporteer.

1.7 Slegs leerders met geldige bestuurderslisensies mag met motors of motorfietse skool toe kom. Toestemming hiervoor moet by die vervoerkoördineerder of adjunkhoof verkry word. Hierdie voertuie moet op die aangewese parkeerareas geparkeer word. Leerders wat kies om met hulle eie of met hulle ouers se vervoer op ’n permanente basis skool toe te kom, verbeur hulle reg om van skoolvervoer gebruik te maak.

2. SKOOLDRAG (UNIFORM)

Die korrekte skooldrag en haarstyl soos in die kleredragreëls van die skool vervat is, moet ten alle tye gedra word. Skooldrag moet skoon en netjies wees en moet die beeld van die skool uitdra.

Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om seker te maak dat hulle in besit van die kleredragbeleid is en dat hulle vertroud is met die inhoud daarvan.

3. AFWESIGHEID VAN SKOOL

3.1 Oormatige en onnodige afwesigheid of stokkiesdraaiery, mag lei tot die instel van regstappe teen die ouers/voogde.

3.2 Wanneer ’n leerder afwesig was, moet hy met sy terugkoms ’n brief ter verduideliking van sy afwesigheid sowel as die tydperk afwesig, van sy ouers/voogde inhandig.

3.3 Indien ’n leerder siek is, of nie ’n hotelfunksie kan bywoon nie, moet die hotelonderwyser telefonies deur sy ouers/voogde in kennis gestel word. Slegs dokterssertifikate sal aanvaar word vir die nie bywoning van funksie.’n Nulpunt vir prakties sal toegeken word, indien die regte prosedure nie gevolg word nie. Hotelpligte wat nie nagekom kan word nie moet opgemaak word deur by ’n ander funksie te werk om die praktiese punte te verdien en die vereiste ure op te maak. Sou opvolgfunksies nie beskikbaar wees nie, sal praktiese punte verbeur word.

3.4 Waar leerders vir drie agtereenvolgende dae afwesig is, moet die ouers/voogde ’n mediesesertifikaat inhandig by die skool.

3.5 Skriftelike bewyse van tydperke van afwesigheid van die skool is nodig vir beheer- en vrywaringredes. Waar daar versuim word om skriftelike verskonings/verduidelikings in te handig, mag die hoof of sy verteenwoordiger, die ouers/voogde versoek om so ’n brief te verskaf.

3.6 Gedurende toetse of evalueringstydperke **moet** mediese sertifikate ingehandig word, indien ’n leerder afwesig sou wees. **Versuim om dit te doen sal ’n nulpunt tot gevolg hê.**

3.7 Die vehouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die hotelpunt is 200 (teorie): 100 (prakties) per termyn.

3.7.1 Slegs **doktersbriewe** word aanvaar indien ‘n funksie nie bygewoon word nie.

3.7.2 Opvolgfunksies is nie altyd beskikbaar indien ‘n leerder afwesig is nie, praktiese punte word dan verbeur.

3.7.3 Balkies vir Graad 10 en 11 word toegeken indien ‘n totaal van 80 ure per jaar tydens funksies gewerk word. In Graad 12 is dit slegs 60 ure.

3.7.4 Indien ‘n leerder nie ‘n funksie kan bywoon nie, **MOET** ‘n plaasvervanger in haar / sy plek gekry word.

3.7.5 Die skool aanvaar ongelukkig geen verantwoordelikheid vir leerders se persoonlike besittings nie. Leerders moet ‘n slot en sleutel bring om te gebruik vir ons toesluithokkies.

LEERDERS SAL HUIS TOE GESTUUR WORD INDIEN DIE KLEREDRAG NIE AAN DIE NODIGE VEREISTES VOLDOEN NIE.

4. STIPTELIKHEID

4.1 Leerlinge moet om **07:40** vir skool aanmeld. Laatkommery word as ’n oortreding beskou en sal as sulks aangeteken word in ’n register wat aangehou word deur die registeronderwyser. **Laatkommers moet by die voorste kantoor aanmeld voordat hulle klas toe gaan.**

4.2 Ouers/voogde van leerders wat hulle skuldig maak aan herhaalde laatkommery sal telefonies deur die graadvoogde ingelig word en sal versoek word om ’n verduidelikingsbrief voor te lê. Voortdurende laatkommery mag lei tot dissiplinêre aksie.

4.3.1 Geen leerder mag die skoolterrein verlaat gedurende skoolure, Hotelfunksies sonder skriftelike toestemming van die hoof of adjunkhoof nie. Enige leerder wat die skoolterrein sonder die nodige toestemming verlaat, maak hom skuldig aan ’n oortreding.

4.3.2 Kennis moet geneem word dat geen toesig voor of na voorgeskrewe tye beskikbaar is nie en leerders dus op eie risiko gelaat word.

4.3.3 Leerders moet stiptelik opdaag vir funksies. Leerlinge moet volgens gegewe tye na die funksie afgehaal word.

4.3.4 Ouers moet beskikbaar wees om leerlinge te kom haal indien dit gebeur dat ‘n funksie vroeër klaarmaak as die gegewe tyd.

5. GEDRAG TYDENS EN NA SKOOLURE

5.1.1 ’n Leerder van Prestasiekool sal te alle tye gemanierd en beskaafd optree in ooreenstemming met die gedragskode vir leerders. Die leerder is ’n ambassadeur van die skool en sy/haar gedrag buite die skoolgronde is ’n refleksie op die skool. Dus is die Gedragskode geldig tydens skooltyd sowel as na skool. Dit impliseer dat enige oortredig vervolgbaar is hetsy dit plaasgevind het

- gedurende enige skoolaktiwiteit
- op of buite die skoolterrein
- gedurende of buite skooltye
- in skooldrag of in gewone kleredrag

5.2 Geen gevaarlike aktiwiteite sal op die skoolgronde toegelaat word nie. Dit sluit in die gooi of skiet van voorwerpe, wat as ’n oortreding beskou sal word.

5.3 Die besit van tabak en/of rook is verbode op die skoolgronde, in die busse en/of kombi’s of in skooldrag buite die skoolgronde.

5.4 Dit is ’n oortreding om in besit te wees van tabak, alkohol enige ander dwelm of dronkmakende middel of om onder die invloed van so ’n middel te wees. Die hoof of enige opvoeder kan, as daar ’n redelike vermoede bestaan (geldige inligting), volgens die wet ’n persoon wat liggaamlike deursoeking mag insluit, of sy besittings deursoek, wat moontlik ’n gevaarlike wapen, vuurwapen, dwelms, gevaarlike stowwe, gesteelde goedere of pornografiese materiaal, op die skoolgronde mag hê. (Deursoeking word onder die volgende wetgewing geregverdig :

Wet no 53 van 1985 ; Die wet op beheer van toegang tot openbare plekke en voertuie. Wet no 140 van 1992 ; Die wet op dwelmiddels en Handel in Dwelmiddels. Wet no 75 van 1969 ; Wet op Vuurwapens en Ammunisie.)

Tydens so ’n deursoeking sal alle menslikheid geopenbaar word en sal die beweerde oortreders in privaatheid deur iemand van dieselfde geslag, maar verkieslik in nog ’n persoon se teenwoordigheid deursoek word. Rekord sal gehou word van die gebeure en bevindinge.

Indien ’n leerder in besit of onder die invloed van so ’n middel gevind word, sal dit as ’n baie ernstige oortreding beskou word en sodanig hanteer word. Geen leerder van Prestasieskool mag alkhol gebruik tydens die bywoning van enige skoolfunksie / funksie op die skoolterrein / wanneer die leerder by ‘n skoolfunksie werk nie.

5.5 Pornografiese of welluswekkende materiaal/tydskrifte is onaanvaarbaar in die raamwerk van die skoolmilieu, besit daarvan mag tot dissiplinêre optrede lei. ’n Skriftelike waarskuwing mag uitgereik word.

5.6 Ongepaste fisiese kontak van enige aard, bv. hande vashou en omhelsings sal nie tydens skoolaktiwiteite soos bv. kampe, uitstappies, hotelfunksies, sportbyeenkomste, of gedurende skooltye toegelaat word nie.

5.7 In ’n geval waar ’n leerder swanger raak, sal die beleid vir swangerskappe in werking tree.

5.8 Enige godsdiensbeoefening en verwante aktiwiteite, wat tot nadeel van enige persoon mag wees, sal glad nie toegelaat word nie.

5.9 Dit is ’n ernstige oortreding om moedswillig skooleiendom, persoonlike eiendom van ander hetsy dit leerders of personeel sin is, of enige voertuig te beskadig. Enige van bogenoemde oortredings sal in ’n baie ernstige lig beskou word.

5.10 Geen leerder het die reg om enige vorm van fisiese of sielkundige skade aan te rig aan ’n ander leerling nie. Enige aksie wat die waardigheid van ’n ander persoon aantas (bv. Ontgroening, rassistiese aanmerkings, bullying, bakleiery) sal in ’n baie ernstige lig beskou word. In die geval van ’n dreigende lewensgevaarlike situasie sal die leerder van die toneel verwyder word en kan dan deur die hoof onmiddellik geskors word. Dissiplinêre stappe soos in die geval van baie ernstige oortredings, sal dan gevolg word.

5.11 Waar ’n leerder in besit van ’n gevaarlike wapen gevind word, sal dit gekonfiskeer word en in ’n veilige plek toegesluit word waarna dit aan die ouers terugbesorg sal word. Afhangende van die ernstigheid en die bedoeling van die persoon wat dit in besit gehad het, sal dissiplinêre stappe soos in die geval van ernstige/baie ernstige oortredings, ingestel word.

5.12 Geen speelgoed of enige waardevolle artikels, van watter aard ookal, sal op die skoolgronde toegelaat word nie, aangesien die skool nie aanspreeklik vir enige verlies of diefstal van sodanige eiendom gehou kan word nie.

Die gebruik van **selfone gedurende klastyd is verbode**. Sodanige oortreding sal lui tot konfiskering van die selfoon. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid of, verlies van selfone nie.

5.13 Diefstal van watter aard ookal, sal nie geduld word nie en sal as ’n ernstige oortreding hanteer word. Alhoewel die skool nie vir enige verlies aanspreeklik gehou kan word nie, sal alles in die skool se vermoë gedoen word om misdaad uit te wis. Die pleeg van diefstal kan onmiddellike dissiplinêre stappe tot gevolg hê en kriminele regstappe mag volg.

5.14 Verlore goedere moet by ontvangs ingehandig word.

5.15 Alle vorme van afwykende gedrag (bv. Intimidasie, viktimisasie, vandalisme, diefstal, ens.) moet onmiddellik aangemeld word. Alle inligting wat deur leerders verskaf word, sal hoogs vertroulik beskou word, binne die perke van die reg.

5.16 Skoolvervoer is ’n voorreg en die vervoerbeleid moet streng nagekom word.

5.17 Valse identifikasie, valse inligting of die vervalsing van ’n dokument om enige voordeel by die skool te ontvang, sal as ’n ernstige en/of ’n kriminele oortreding beskou word.

5.18 Leerders wat skuldig bevind word aan ’n ernstige of baie ernstige oortreding, verbeur die geleentheid om as prefek en / of lid van die VLR verkies te word. Prefekte en / of lede van die VLR wat skuldig bevind word aan’n ernstige of baie ernstige oortreding, sal onmiddellik geskors word uit die posisie wat hy / sy beklee.

4. LEER EN ONDERRIG

Die doel van ons skool is om aan elke leerling die geleentheid te bied om sukses te ervaar. Dit vereis egter ’n spanpoging waar leerder, onderwyser, terapeut en ouer elkeen ’n rolspeler is. Dit vereis ook verbintenisse en toewyding.

6.1 Om klasse of die skool te ontwrig is nie aanvaarbaar nie en sal as ’n baie ernstige oortreding beskou word, omdat dit ander leerders verhoed om hulle doelwitte te bereik. Dit verhoed ook die vestiging van ’n leerkultuur wat belangrik is vir sukses.

6.2 Die versuim om huiswerk te doen, klaswerk te doen of enige ander take wat opgedra is, sal nie aanvaar word nie, behalwe as daar goeie en aanvaarbare redes vir hierdie gedrag aangevoer kan word. Huiswerk/boeke wat nie by die skool is nie, sal gereken word as huiswerk nie gedoen nie. Herhaaldelike versuim sal egter in ’n ernstige lig beskou word. Onvoltooide werk sal nie nagesien word nie.

6.3 Klaswisseling behoort vinnig en ordelik en ooreenkomstig die voorgeskrewe plan vir klaswisseling te geskied. Geen gehardloop, gestampery of spelery sal toegelaat word nie.

6.4 Onderwysers, in samewerking met die leerders, mag hulle eie klasreëls aanvullend tot die algemene reëls wat in hierdie dokument uiteengesit word, opstel. Hierdie reëls mag nie enige skoolreëls weerspreek nie en moet deur die direkte bestuurder goedgekeur word.

6.5 Klasleiers/monitors is mede verantwoordelik vir die handhawing van orde tydens klaswisseling en in klasse.

6.6 Leerders moet ook die spesifieke reëls van die ander opvoedkundige sentrums in die skool nakom, bv. die rekenaarlokale, kombuise, hotel, saamleeskamers en die mediasentrum.

7. SELFONE

Selfone moet gedurende skooltye afgeskakel wees en veilig weggebêre word. Leerders mag nie hulle ouers vanaf hulle selfone gedurende skooltyd skakel nie.
Leerders is ten volle verantwoordelik vir die veiligheid van hulle selfone. Prestasieskool sal onder geen omstandighede verantwoordelikheid vir die verlies of skade aan ‘n selfoon aanvaar nie.